**<u>TRANSFORMASIE INISIATIEWE WAT DEUR SSK INGESTEL WORD</u>**

1. **DEFINISIES**

In hierdie dokumente is die betekenis van die volgende woorde en uitdrukkings soos onder uiteengesit. Verwante uitdrukkings dra, waar van toepassing, ooreenstemmende betekenisse. Die definisies onder geld in alle gevalle, behalwe waar die teendeel uitdruklik uitgespel word of die konteks anders aandui –

1.1 "**Goedkeuringsdatum**" beteken 31 Maart 2024;

1.2 "**HDPs**" beteken histories benadeelde persone soos gedefinieer in artikel 3(2) van die Mededingingswet, nr. 89 van 1998, welke artikel bepaal dat iemand ’n histories benadeelde persoon is indien daardie persoon –

1.2.1 een van ’n kategorie van individue is wat, voordat die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993 (Wet No. 200 van 1993), in werking getree het, benadeel is deur onregverdige diskriminasie op die grondslag van ras;

1.2.2 ’n vereniging is, waarvan die meerderheid van lede individue is na wie in klousule 1.2.1 verwys word;

1.2.3 ’n regspersoon is, behalwe ’n vereniging, en individue na wie in in klousule 1.2.1 verwys word, ’n meerderheid van die uitgereikte aandelekapitaal of ledebelang daarvan besit en beheer en in staat is om ’n meerderheid van die stemme daarvan te beheer; of

1.2.4 ’n regspersoon of vereniging is, en persone na wie in klousules 1.2.1, 1.2.2 of 1.2.3 verwys word, ’n meerderheid van die uitgereikte aandelekapitaal of ledebelang daarvan besit en beheer en in staat is om ’n meerderheid van die stemme daarvan te beheer.

1.3 "**SSK Lede-Bystandfonds**" dui op ‘n fonds daargestel deur SSK om HDP’s by te staan om die nodige 4000 aandele in SSK te bekom indien hulle vir SSK lidmaatskap sou kwalifiseer.

2. **TRANSFORMASIE INISIATIEWE**

3. SSK onderneem om die volgende stappe te neem in ‘n poging om die SSK ledetal uit HDP geledere te verhoog -

3.1 SSK onderneem om alle redelike stappe te neem om soveel moontlik geskikte kandidate, in die SSK-streek te identifiseer. Hierdie stappe sal ‘n aanvang neem effektief vanaf die Goedkeuringsdatum vir ‘n periode van 3 (drie) jaar;

3.2 SSK onderneem om by ten minste 3 (drie) geleenthede per jaar lidmaatskap werwings geleenthede te hou met die landbouers geïdentifiseer as ‘n resultaat van die pogings omskryf in klousule 2.1. Hierdie lidmaatskap werwings geleenthede sal ‘n aanvang neem effektief vanaf die Goedkeuringsdatum vir ‘n periode van 3 (drie) jaar;

3.3 SSK onderneem om geskikte kandidate aan te moedig om aansoek te doen om SSK-lidmaatskap en om bevorderlike omstandighede te skep vir die kandidate om daaraan te voldoen, (byvoorbeeld hulp met invul en aanstuur van aansoekvorms en ondersteunende dokumente en/of inligting); en

3.4 SSK onderneem om geskikte kandidate van befondsing te voorsien deur middel van die SSK-Lede-Bystandfonds.

Geliewe Andre Joubert by andre.joubert@ssk.co.za of 028 514 8600 te kontak, indien u sou kwalifiseer as ‘n HDP en vrae het oor bogenoemde.